



Die span van AM Transport en Timco Transport, Lennard Kok, Leon de Villiers, Rupert van Rensburg en Jaco Kok.



Die Scholz Property-span bestaan uit Francois van Heerden, Gavin Scholz, Deon Engelke en Etienne van der Westhuizen.



Die Sika-span se Anthony Webster, Johan Koegelenberg, Alex Pospesch (CSV-direkteur) en Willy Bodenham het die dag geniet.



Die Ampro-span bestaan uit Riaan Groenewald, Pierre du Preez, Jaco Laubscher en Divan Batt.



Die GB Survtech-span het uit Bertram Africa, John Shardlow, Wessel Lourens en Adriaan van der Mescht bestaan.



Clive Silva, Daneel Cronje, Ryan Sauls en Marius Steenkamp het Scania op die golfbaan verteenwoordig.

Duisende vir Bizweni losgeslaan

Jamey Gordon

Menige plaaslike gholfentoesias het saamgestaan en duisende rande vir liefdadigheid losgeslaan.

CSV Construction het verlede Vrydag (12 Oktober) sy jaarlikse gholfdag by Strand-gholfklub aangebied ten bate van 'n plaaslike organisasie sonder winsbejag.

Die begunstigde van vanjaar se geldinsamelingsgeleentheid was die Bizweni-sentrum.

'n Gesamentlike bedrag van R224 250 is ingesamel vir dié sentrum vir kinders met gestremdhede wat in Somerset-Wes geleë is.

Vicky Hinrichsen van Bizweni het die plaaslike konstruksiematskappy en sy personeel bedank dat hulle dié organisasie gekies het. “Ek is verskriklik dankbaar. Dit beteken so baie vir ons,” het Hinrichsen gesê.

Sy het die sentrum as “die mees ongelooflike” van sy soort beskryf en verduidelik dat 64 spesiale kinders daaglik met Bizweni se bussie gehaal en afgelaai word.

Die sentrum is in 2009, met geld wat deur die Rotariërklub van Somerset-Wes ingesamel is, spesiaal vir die kinders



Dinks Rankin, finansiële bestuurder van die Bizweni-sentrum, het die tjek van CSV Construction se uitvoerende hoof, Alex von Klopmann, ontvang.

ontwikkel.

CSV Construction se uitvoerende hoof, Alex von Klopmann, het in sy toespraak gesê: “Dis 'n eer om in staat te wees om 'n verskil in die lewe van kinders met gestremdhede te maak.”

Von Klopmann het ook die borge, vriende en ander ondersteuners bedank.

Dié geldinsamelingsgeleentheid het 168 gholfspelers vir 'n vriendskaplike potjie gholf na die gholfbaan gelok en 42 vierbalspanne het vir dié geleentheid ingeskryf. Spanne het om 10:00 Vrydagoggend afgeslaan.

Onder bekende persoonlikhede wat hul stokke vir liefdadigheid geswaai het, was die voormalige Suid-Afrikaanse



Die voormalige SA krieketspeler, Brian McMillan, het 'n waardevolle collage opgeveel.



Zwai is deur die komediant en kulkunstenaar PG Engelbrecht uit die gehoor gekies om deel te neem aan 'n paar kulkunsies.

veelsydige krieketspeler, Brian McMillan, wat van 1991 tot 1998 altesaam 83 toetse en 78 internasionale eendagwedstryde vir Suid-Afrika gespeel het, en rugbyspelers Marius Joubert en Joe Pietersen.

Die gholfdag is met 'n prysuitdeling in die klubhuis afgesluit.

Die komediant en kulkunstenaar PG Engelbrecht was die afslaer vir 'n veiling by die prysuitdeling. Hy het nie net die gholfspelers met sy skerpskertsery en toertjies vermaak nie, maar hulle ook laat uithaal en wys.

Pieter de Bod het die prys vir naaste aan die pen gewen.

Pieter Burger is vereër vir die langste



Spanlede van Kapstadt Exclusive was Steffen Engelmann, Luca Mess, Daniel Mess en Manfred Engelmann. Foto's: Jamey Gordon

dryfhou. Rene le Riche is geprys vir die langste sethou.

Die span van Afrisam wat uit Ian Trimmel, Gerhard Cloete, Wayne Jochems en Brian Randall bestaan, het met 'n eindtelling van 90 die eerste plek verower en elk met 'n wenprys van 'n kroegyskas ter waarde van R1 700 weggehoop.

Die Ampro-span wat uit Jaco Laubscher, Riaan Groenewald, Divan Batt en Pierre du Preez bestaan, was met 89 punte tweede en het elk 'n gazebo ter waarde van R1 000 ontvang.

Derde plek het gegaan aan die Tiletoria-span – Wayne Botha, Stephan Swanepoel, Willem Nolte en Peter Burger. Hulle spog met 'n eindtelling van 84 en het elk 'n kamptafel gewen.



Derde plek het aan die Tiletoria-span gegaan. Hulle spog met 'n eindtelling van 84 en het elk 'n kamptafel gewen.



Die span van Afrisam het met 'n eindtelling van 90 eerste plek verower en elk met 'n wenprys van 'n kroegyskas ter waarde van R1 700 weggehoop.



Die Ampro-span het met 89 tweede geëindig en elk 'n gazebo ter waarde van R1 000 ontvang.

We would like to thank the following companies that entered for our golf day in aid of Bizweni Centre children with disabilities.